

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2013

MEMORANDUM

PUNTE: 300

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
3. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
4. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
5. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
6. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
7. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
8. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie.
9. Kodes: f = vreemde items; p = plasing/aanbieding.

Hierdie memorandum bestaan uit 18 bladsye.

VRAAG 1**1.1 BEGRIPPE**

Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.3) neer.

1.1.1	Besigheidsidentiteitsbeginsel ✓✓
1.1.2	Beperkte ✓✓
1.1.3	Ontvangbare bedrae ✓✓

6

1.2 MAATSKAPPYTRANSAKSIES

Gebruik die tabel wat verskaf word om die volgende vir elke transaksie te toon:

- Rekening gedebiteer en rekening gekrediteer in die Algemene Grootboek
- Effek op die rekeningkundige vergelyking

Die banksaldo is te alle tye gunstig.

Addisionele item/ Vreemde item in B E L -1

NR.	REKENING GEDEBITEER	REKENING GEKREDITEER	BEDRAG	B	E	L
bv.	<i>Direkteurs-vergoeding</i>	<i>Bank</i>	<i>145 000</i>	–	–	0
1.2.1	SAID (Inkomstebelasting) ✓	Bank ✓	37 400	- ✓	0	- ✓
1.2.2	Bank ✓	Gewone Aandelekapitaal ✓	180 000	+ ✓	+ ✓	0
1.2.3	Dividende op gewone aandele/Gewone aandele Dividende ✓	Aandelehouers vir Dividende ✓	55 000	0	- ✓	+ ✓

12

1.3 DEBITEUREVERSOENING**1.3.1 REGSTELLINGS AAN DIE DEBITEUREKONTROLEREKENING**

Huidige Debiteurekontrolerekening-saldo	20 100	
A.	-1 800	✓
B.	+ 200	✓
C.	- 900	✓✓
D.	Geen verandering	✓
E.	+1 400	✓
Korrekte Debiteurekontrolerekening-saldo	19 000	☑

7

Moet R 20 100 insluit, Inspeksie, redelik of sien 1.3.2

1.3.2 DEBITEURELYS OP 30 SEPTEMBER 2013

T Stoffels	-3 200 + 2 300 (1 punt) (3 800 - 900 ✓)	✓ 2 900
E Khune	(7 400 + 200 ✓)	✓ 7 600
S Mashele	(-1 900 + 1 400 ✓)	✓ (500)
M Devnarain	-1 600 (2 Punte) (10 600 - 800✓ - 800✓)	Een deel korrek ☑ 9 000
Korrekte totaal van Debiteurelys		☑ 19 000

10

Inspeksie, redelik of sien 1.3.1

TOTALE PUNTE
35

VRAAG 2

- 2.1 Kies 'n kostekategorie uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.4) neer.

2.1.1	E	✓✓	(Direktemateriaalkoste)
2.1.2	C	✓✓	(Verkoops- en verspreidingskoste)
2.1.3	D	✓✓	(Administrasie)
2.1.4	B	✓✓	(Fabrieksboekoste)

8

- 2.2 2.2.1 PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2013

OF 450 000 (1 punt) – 135 000 (1 punt) OF 28 000 x (450 000 ÷ 40 000)	315 000	✓
Direktemateriaalkoste (28 000 ✓ x 11,25 ✓)		
Direkte-arbeidskoste	985 600	
PRIMÊRE KOSTE		
Bewerking DA + DMK, meer as 985 600	1 300 600	✓
Fabrieksboekoste	94 980	
TOTALE VERVAARDIGINGSKOS		
Bewerking PK + FBK	1 395 580	✓
Goedere-in-bewerking (1 September 2012)	12 420	
	1 408 000	
Goedere-in-bewerking (31 Augustus 2013)	(17 000)	✓
Bewerking, Aanvaar 'n positiewe syfer afhangende van bg		
KOSTE VAN PRODUKSIE VAN KLAARPRODUKTE (R65 x 21 400)	1 391 000	✓✓

8

FABRIEKSBOKOSTE

Indirekte materiaal	7 360
Indirekte arbeid	22 230
Waardevermindering van fabrieksaanleg	8 630
Huuruitgawe 6 600 x 5	✓✓ 33 000
Water and Elektrisiteit 6 840 x ⁷⁵ / ₂₅	✓✓ 20 520
Diverse fabrieksuitgawes Bewerking	✓ 3 240
	94 980

5

2.2.2

Die interne ouditeur is nie tevrede met die direkte-arbeidskoste vir die jaar nie. Verduidelik die probleem met betrekking tot die direkte-arbeidskoste en haal syfers aan om jou verduideliking te ondersteun.

Enige geldige antwoord Goeie antwoord met syfers = 3 punte; goeie antwoord sonder syfers = 2 punte; gedeeltelike antwoord = 1 punt; foutief = 0

Verwagte antwoorde: ✓✓✓

- Die werkers verdien meer deur oortyd (R563 200) as deur gewone tyd (R384 000).
- Die werkers het 1 200 ure gewone tyd gewerk teenoor 880 ure oortyd/ Direkte arbeidskoste is 71% van totale koste
- Oortyd maak 57% uit van die totale direkte-arbeidskoste.
- Gewone tyd is te laag moontlik as gevolg van ontwrigting, afwesighede of swak toesig (relevante syfers verwag bv 49 weke x 40 ure = 1960)

3

Gee TWEE moontlike oplossings vir hierdie probleem. Enige TWEE geldige en aparte oplossings

Goeie antwoord = 2 punte; gedeeltelike antwoord = 1 punt; foutief = 0

Verwagte antwoorde vir 2 punte: ✓✓ ✓✓

- Stel produksieteikens wat voltooi moet word (tyd- en werkstudie).
- Roteer toesigpligte om te verseker dat werkers aan diens is gedurende gewone tyd / roteer toesighouers indien nodig om misbruik te voorkom
- Stel limiete vir oortyd ure en maak seker dat die voorman dit beheer
- Heroorweeg indiensnemingvoorwaardes bv minimum normale ure, oortyd tarief
- Neem meer werkers indiens teen gewone tyd vir 'n volle werkdag regdeur die jaar en staak/opskort oortyd (goedkoper om gewone tyd te betaal)
- Antisipeer ontwrigting tov gewone tyd produksie (bv krag onderbreking, staking) – hou opvolgplanne gereed

Verwagte antwoorde vir 1 punt:

- Meer gewone tyd ure moet gewerk word/ minder oortyd (dieselfde punt)
- Lei werkers op

4

2.3

2.3.1

Bereken die getal eenhede wat Sally moes vervaardig om in 2013 gelyk te breek. Kan in vergelyking formaat beantwoord word

$\frac{R96\,450}{R30} \checkmark = 12\,056,2$ of 12056,3 of 12 065 of 12 057 $\checkmark$

$R30 \checkmark - R22 \checkmark = R8$, (2 punte) Enige een deel korrek, geen R of % teken

4

2.3.2

Lewer kommentaar op die getal sakke wat sy vervaardig. Haal syfers of finansiële aanwysers aan om jou antwoord te staaf. Verwys na die berekening van die gelykbreekpunt in jou antwoord.

Vergelyk met gelykbreekpunt berekening = 1 punt; Gunstig/ongunstig = 1 punt; Syfers = 1 punt

Dit is goed✓ aangesien sy 'n wins sal maak as produksie (803/804) $\checkmark$ meer as die gelykbreekpunt is.✓

(12 860 vervaardig; gelykbreekpunt 12 057)

sien 2.3.1. vir syfers deurgaans gebruik

3

**TOTALE
PUNTE**

35

VRAAG 3

3.1 Gee EEN woord/term vir elk van die beskrywings deur 'n woord/term uit die lys te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.4) neer.

3.1.1	Inkomste ✓✓
3.1.2	Bedryfslas ✓✓
3.1.3	Bedryfsbate ✓✓
3.1.4	Uitgawe ✓✓

3.2 SELATI BEPERK**3.2.1 INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2013**

Vreemde items -1

Verkope (13 120 000✓✓ – 702 000✓) Enige een deel korrek	☒ 12 418 000	5
Koste van verkope	(8 200 000)	
Bruto wins Bewerking	☒ 4 218 000	
Ander inkomste Bewerking	☒ 66 220	
(5 200 ÷ 10%) 2 punte Huurinkomste (69 160✓ – 5 720✓✓) Bewerking met enige een deel korrek	☒ 63 440	
Oninbare skulde ingevorder	✓✓1 700	11
Voorsiening vir oninbare skulde aans. Bewerking met enige een deel korrek	☒ ✓✓1 080	
Bruto bedryfswins Bewerking	☒ 4 284 220	
Bedryfsuitgawes	(3 348 420)	
(4 980 + 2020) 2 punte of niks Salarisse en lone (788 000✓ + 7 000✓✓) Enige een deel korrek	☒ 795 000	
Direkteursvergoeding	✓1 840 000	
Ouditeursfooie (88 000✓ + 7 500✓)	✓95 500	
Werkgewersbydrae (81 000 ✓ + 1 610✓)	✓82 610	
Bankkoste (31 000✓ – 2 800✓)	✓28 200	
Diverse uitgawes	✓89 730	
Oninbare skulde	✓12 100	
Herstelwerk en onderhoud (125 600✓ + 25 000✓)	✓150 600	28
Verpakkingsmateriaal	✓41 000	
Verlies deur diefstal (40 000 – 32 000) Enige een deel korrek	☒ ✓8 000	
Handelsvoorraadtekort (1 534 000✓ – 40 000✓ – 1 475 500✓) Enige een deel korrek	☒ 18 500	
Waardevermindering Vir besonderhede en balanseersyfer	☒ ☒ 187 180	
Bedryfswins Bewerking	☒ 935 800	
Rente-inkomste Moet korrek geplaas wees	✓27 000	
Wins voor rente-uitgawe Bewerking	☒ 962 800	
Rente-uitgawe (2 800✓ + 120 000✓✓) Enige een deel korrek en korrek geplaas	☒ (122 800)	
Netto wins voor belasting Bewerking	☒ 840 000	10
Inkomstebelasting Bewerking of as 30 % van wins voor belasting	☒ ✓ (252 000)	
Netto wins na belasting	588 000	

mag kombineer
R26 500
(6 Punte)

3.2.2

NOTA VIR BEHOUE INKOMSTE		
Saldo aan die begin van die jaar		735 000
Netto wins na belasting		✓588 000
Dividende	Bewerking; Een deel korrek	☑ (505 000)
Interim 2 000 000 x 14c	Bewerking; Een deel korrek	☑✓280 000
Finale 2 250 000 x 10c	Bewerking; Een deel korrek	☑✓225 000
Saldo aan die einde van die jaar	Bewerking	☑818 000

7

3.3

OUDITEURSVERSLAG

As 'n aandeelhouer, hoekom sou jy oor hierdie ouditeursverslag bekommerd wees? Verduidelik. Noem DRIE punte.

Enige DRIE aparte geldige antwoorde

✓✓ ✓✓ ✓✓

Goeie antwoord met insig in die punte genoem in die auditverslag = 2 punte;

Gedeeltelike antwoord wat die inligting in die verslag kan herhaal = 1 punt; foutief = 0

Verwagte antwoorde vir 2 punte:

- Hierdie is 'n teruggehoue/weerhouding/baie slegte verslag.
- Dit laat die maatskappy nie goed lyk nie.
- Behoorlike korporatiewe bestuursprosedures is nie gevolg nie
- Behoorlike interne beheermaatreëls is nie uitgevoer nie
- Potensiële beleggers (aandeelhouers en lener) sal afgesit word om in die maatskappy te belê
- Die aandeelprys sal negatief geraak word (vraag na aandele sal daal)

Verwagte antwoorde vir 1 punt:

- Die ouditeur het sy bekommernis uit gesprek (sy opinie 'gekwalfiseer')
- Geen goedkeuring van bonusse aan direkteure nie.
- Onvoldoende dokumentasie vir diverse uitgawes.

6

TOTALE
PUNTE

75

VRAAG 4**4.1 Verwys na Inligting 8 met betrekking tot die spesiale programme wat saam met die finansiële state in die jaarverslag gepubliseer word.****4.1.1**

Enige geldige antwoord. ✓✓

Goeie antwoord met insig = 2 punte;

Gedeeltelike antwoord wat 'n herhaling van die vraag insluit = 1 punt; foutief = 0

Hoofvoordeel van die misdaadvoorkomingsprogram vir die maatskappy:

Verwagte antwoorde vir 2 punte

- Hierdie vorm deel van hulle korporatiewe sosiale belegging/verpligting wat belangrik is vir die maatskappy omdat hulle afhanklik is van gemeenskap waarin hulle werk se goeie gesindheid (ondersteun/positiewe beeld/goeie publisiteit).
- Skep 'n veiliger omgewing wat klante aanmoedig om die winkel te besoek/ skep beter werksomgewing
- In ooreenstemming met King Kode

Verwagte antwoorde vir 1 punt:

- Korporatiewe sosiale verpligting/belegging
- Goeie beeld/ publisiteit/verhoog vertroue / goeie gesindheid in maatskappy
- Verminder diefstal/misdaad/ skep van veiliger omgewing/ beskerm bates
- Verhoog winste van maatskappy/ Indirek verminder versekeringskoste

Hoofvoordeel van die maatskappy se opleidingsprogram:

Verwagte antwoorde vir 2 punte

- Skep meer bevoegde werknemers wat die klante beter kan bedien
- Sep 'n goeie gesindheid (ondersteun/positiewe beeld/goeie publisiteit) vir die maatskappy/ kan lei tot verhoogde winste in die toekoms.

Verwagte antwoorde vir 1 punt (kan gekombineer word vir 2 punte):

- Maak werkers meer doeltreffend/ ontwikkel vaardighede van werkers
- Bedien klante beter/ Verhoog winste van maatskappy
- Goeie beeld/ publisiteit/verhoog vertroue / goeie gesindheid in maatskappy
- Belasting aftrekbaar

4

4.1.2**Behalwe die punte hierbo genoem, hoekom sal die direkteure die programme in die jaarverslag wil noem? Verduidelik.**

Enige geldige antwoord. ✓✓

Goeie antwoord = 2 punte; gedeeltelike antwoord = 1 punt; foutief = 0

Enige geldige antwoord nie bo genoem bvKingkode / goeie gesindheid skep 'n goeie indruk van die maatskappy./direkteure wil hê dat die aandeelhouders van hierdie kwessies moet weet/lok beleggers aandeelhouders/leners)

2

4.2 KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2013

Indien geen bewerking maar syfers korrek, ken vol metodepunt vir die syfer indien korrek
 Metode punt vir antwoord word toegeken as korrekte gebruik van hakies/geen hakies

KONTANTGEVOLGE VAN BEDRYFSAKTIVITEITE		
Inkomstebelasting betaal 360 000 ✓ – 9 000 ✓ – 28 000 ✓ 1 200 000-840 000 OF -360 000+9 000+28 000	A	☒ (323 000)
Dividende betaal 210 000 ✓ + 280 000 ✓ OF -210 000 –280 000 (455 000 -175 000)	B	☒ (490 000)
KONTANTGEVOLGE VAN FINANSIERINGSAKTIVITEITE		
Opbrengste van aandele uitgereik 500 000 ✓ + 400 000 ✓ OF 4 700 000 – 3 800 000	C	☒ 900 000
Toename/Afname in lenings 2 800 000 – 2 100 000	D	☒ (700 000)
Netto verandering in kontant/kontantekwivalente Bewerking	E	☒ 258 000
Kontant en kontantekwivalente (1 Maart 2012)	F	☒ (180 000)
Kontant en kontantekwivalente (28 Februarie 2013)		78 000

15

4.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2013:**4.3.1 Persentasie netto wins na belasting op verkope**

$$\frac{840\,000 \checkmark}{6\,200\,000 \checkmark} \times 100$$

$$= 13,5\% \text{ of } 13,548\% \text{ of } 13,55\% \checkmark$$

Enige een deel korrek as bereken is as % (% teken nie nodig in hierdie geval)

3

4.3.2 Verdienste per aandeel

$$\frac{840\,000 \checkmark}{700\,000 \checkmark} \times 100$$

$$= 120 \text{ sente of R1,20}$$

Enige een deel korrek en as sent of Rand getoon

3

4.3.3 Skuld-ekwiteit-verhouding

$$\frac{2\,100\,000 \checkmark}{5\,285\,000 \checkmark}$$

$$= 0,4 : 1 \checkmark \text{ of } ,397:1 \checkmark \text{ (aanvaar ,39:1)}$$

Enige een deel korrek en as 'n verhouding getoon x:1

3

4.3.4 Opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang (OOAB)

$$\frac{840\,000 \checkmark}{\frac{1}{2} \checkmark (5\,285\,000 \checkmark + 4\,000\,000 \checkmark)} \times 100$$

4 642 500 (3 punte)

$$= 18,1\% \checkmark \text{ of } 18,09\%$$

Enige een deel korrek en as 'n % getoon word

5

4.4

Die direkteure is van mening dat die bedryfsdoeltreffendheid van die maatskappy verbeter het. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers (met syfers) om hulle mening te staaf.

Finansiële aanwyser ✓ ✓ Geldige verduideliking (met syfers) ✓ ✓

Bedryfsuitgawes op verkope - verminder van 32% tot 25% (verbetering in kontrole oor uitgawes)

Bedryfswins op verkope - vermeerder van 15,8% tot 22% (verbetering in doeltreffendheid/wins)

Netto wins na belasting op verkope - vermeerder **sien 4.3.1** (van 11,3% tot 13,5% (verbetering in doeltreffendheid/wins)

4

4.5

Die aandeelhouders is gelukkig met hulle opbrengs, verdienste en dividende. Haal DRIE finansiële aanwysers (met syfers) aan en verduidelik dit om hulle mening te staaf.

Neigings in finansiële aanwysers (met syfers) ✓ ✓ ✓

Geldige verduideliking wat meer as neigings behels ✓ ✓ ✓

Kommentaar op opbrengs op aandeelhoudersbelang:

OOAHB het toegeneem van 15,2% tot 18,1% ☒ **(sien 4.3.4)**

Goeie opbrengs/Meer as die opbrengs op alternatiewe beleggingsmoontlikhede ☒

Kommentaar op verdienste:

VPA het toegeneem van 90 sent tot 120 sent. ☒ **(sien 4.3.2)**

Dit dui op 'n beduidende toename in verdienste. (33%) / Sal tot verhoging in aandeleprys lei. ☒

Kommentaar op dividende:

DPS het afgeneem van 82 sent tot 65 sent. ✓

Die maatskappy hou nou meer van sy verdienste terug ✓

2012: $(8/90 \times 100)$ 9% teruggehou 2013: $(55/120 \times 100)$ 46% teruggehou het

6

4.6

Nuwe aandele is aan die begin van die finansiële jaar teen R9,00 elk uitgereik. As 'n bestaande aandeelhouer, sou jy tevrede wees met hierdie uitreikprys?

Ja/Nee: Ja ✓

Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou mening te verduidelik:

Aandele is verkoop vir meer ✓ NBA (900/755 of 900/667) ✓

Aandele is verkoop vir meer ✓ as die markprys. (900/840 of 900/820) ✓

5

4.7

'n Groot leningterugbetaling is gedoen. Lewer kommentaar daarop of dit 'n goeie idee was of nie. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou kommentaar te staaf.

Neem kennis dat die kommentaar en verduideliking van finansiële aanwysers kan in een stelling gekombineer word.

Verwagte antwoord vir kommentaar

✓

✓

Nie 'n goeie idee nie. Daar is positiewe hefboom /laer finansiële risiko

Verwagte antwoorde vir finansiële aanwyser (met syfers)

Opbrengs op totale kapitaal aangewend van 19,3%. ✓ (Rentekoers is 8%).

Skuld-ekwiteitverhouding is nou 0,4 : 1 ✓ (van ,7:1)

4

4.8

Behalwe die dividende en die lening, watter ander groot besluite deur die direkteure word in die Kontantvloeistaat gereflekteer? Noem TWEE groot besluite en haal die betrokke syfers aan. Verduidelik ook hoe ELK van hierdie besluite in die toekoms tot voordeel van die maatskappy kan wees.

Besluit 1 (met syfers)	Verduideliking van voordeel vir maatskappy
Uitreik van addisionele aandele✓ (R900 000)✓ Hierdie moet getoon word aangesien dit die grootste is	Verbeter die kontantvloei in die maatskappy/Elimineer die oortrokke bank ✓/Verminder die lening/ Om ekstra vaste bates te koop om doeltreffendheid te verbeter
Besluit 2 (met syfers)	Verduideliking van voordeel vir maatskappy
Vaste bates aangekoop (R400 000✓) OF Vaste bates verkoop (R86 000)	Verbeter die bedryfsdoeltreffendheid .✓ Lei tot toekomstige opbrengste/groei Verbeter kontantvloei of verbeter doeltreffendheid

6

TOTALE PUNTE

60

VRAAG 5

5.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.3) neer.

- 5.1.1 Die hoofdoel met die opstel van die Kontantbegroting is ...**
Verwagte antwoorde Enige geldige antwoord met toekoms geïmpliseer ✓✓
 Om te beplan
 Om kontantvloeï te voorspel/bepaal ontvangste en betalings vir toekoms
 Om kontant te beheer
Nota: Moet nie verwysing na inkomste en uitgawe aan vaar nie
- 5.1.2 EEN item in die Kontantbegroting wat nie in 'n Geprojekteerde Inkomstestaatsal verskyn nie, is ...**
Enige geldige antwoord ✓✓
 Lening /Aankoop van bates/Betaling aan krediteure/Onttrekkings/
 Ontvangste van debiteure/Vaste depoit/ Kapitaal/Diwidende
- 5.1.3 EEN item wat in 'n Geprojekteerde Inkomstestaatsal verskyn nie, is ...**
Enige geldige antwoord ✓✓
 Waardevermindering/Oninbare skulde/Korting ontvang en toegestaan
 Wins/verlies met verkoop van bate

2

2

2

5.2 Bereken die ontbrekende syfers in die Debiteure-invorderingskedsule en die Kontantbegroting aangedui deur A tot H:÷

	BEREKENING	ANTWOORD
A	$40\% \times 300\,000$	Alles of niks ✓✓ 120 000
B	$\frac{36\,000 - 1\,800}{(20\% \times 180\,000) \times 95\%}$ OF $(57\,000 / 300\,000 \times 180\,000)$ 2 punte	Enige een deel korrek ✓ 34 200
C	As R63 000 meer as A+B	Bewerking ✓ 217 200
D	$350\,000 \times 40\%$ OF $210\,000(1 \text{ punt}) / 60 \times 40(1 \text{ punt})$ OF $350\,000(1 \text{ punt}) - 210\,000(1 \text{ punt})$	Enige een deel korrek ✓ 140 000
E	$(500\,000 \times 100 / 200)$ $= 250\,000 \times 80\%$	Enige een deel korrek ✓ 200 000
F	$(400\,000 - 40\,000) \times (12\% \div 12)$ $360\,000 \times 1\%$ OF $43\,200(1 \text{ punt}) \div 12(1 \text{ punt})$	Enige een deel korrek ✓ 3 600
G	$(1\,300 \times 1,06) \times 6$ (2 punte) $(6 \times R5\,512)$ (3 punte) $6 \times R1\,378 \times 4$ weke OF $22048 \times 6 \div 4$ 1 punt 1 punt 1 punt OF $R22048 \div 11\,024$ 1 punt 2 punte	Enige een deel korrek ✓ R33 072
H	$6\,758 \times 100 \div 109$ OF $6\,758 \div 1,09$ OF $6\,758 - 558$ ($6758 \times 9 \div 109$)	Enige een deel korrek ✓ 6 200

22

5.3 Verduidelik wat jy aan die einde van November aan Peter sal sê oor elk van die volgende items, en gee EEN punt van advies in ELKE geva

	VERDUIDELIKING ✓ ✓ ✓	ADVIES ✓ ✓ ✓
Telefoon	Oorspandeer/ Onderbegroot/ Nie goed beheer nie/ Negatiewe afwyking	Kontroleer privaat oproepe/ Begroot meer realisties vir besigheidsoproepe
Diverse uitgawes	Goed begroot/ Goed beheer Geen afwyking/dieselfde	Bly by die begroting/ Hou dit so in toekoms/ Probeer verminder in toekoms
Huurinkomste	Minder as begroting ontvang/ Nie goed beheer nie/ Negatiewe afwyking	Ondersoek betaling deur huurder/ Hou eiendom behoorlik beset/ Neem kredietinvorderaar in diens/ Begroot meer realisties

6

5.4 Om verkope en die getal kliënte te verhoog, is Peter van plan om te adverteer dat die kredietperk vir al sy kredietkliënte tot R35 000 verhoog sal word en dat nuwe kliënte welkom is om gedurende April rekeninge oop te maak. Gee DRIE punte van advies aan Peter in hierdie verband.

Enige DRIE aparte geldige punte ✓✓ ✓✓ ✓✓

Goeie antwoord = 2 punte, gedeeltelike antwoord = 1 punt

Verwagte antwoorde: vir 2 punte

- Moenie meer op krediet verkoop nie want dit sal sy bankoortrekking verder versleg (60% van sy bestaande verkope is reeds op krediet en 50% betaal na 30 dae)
- Hy moet debiteure beter keur (bv salarisstrokke/kredietverwysing), moenie toelaat om net rekeninge te kan oopmaak sonder om na die vermoë van terugbetaling te kyk nie (oortreding van verbruikerswetgewing)
- Verhoog slegs die kredietlimiet e van die debiteure wat hulle rekeninge betyds betaal (verkiesklik binne 30 dae)
- Hy moet die invorderingkoers van debiteure verbeter deur korting aan te bied (50% van debiteure betaal na 30 dae)
- Hy moet die invorderingkoers van debiteure verbeter deur rente te hef (50% van debiteure betaal na 30 dae)
- Hy moet voorsien vir ekstra administratiewe koste (bv salaris van klerk, oninbare skulde) om debiteure te beheer.
- Hy moet meer bedryfskapitaal in die besigheid inbring om voorraad te finansier wat op krediet verkoop is (aangesien die debiteure later betaal)

Verwagte antwoorde vir 1 punt:

- Verbeter debiteure invordering
- Neem voorsorg om stadige betalings te verhoed
- Voorsien vir oninbare skulde

6

TOTALE PUNTE

40

VRAAG 6**6.1 VASTE BATES****6.1.1 Bereken die ontbrekende syfers aangedui deur A, B en C in die Vastebatennota:**

	BEREKENING	ANTWOORD
A	R3 000 000 – R2 100 000	Alles of niks ✓✓R900 000
B	R112 000 ✓✓ + R54 000 ✓✓✓ 20 % x (780 000 – 220 000) 360 000 x 20% x9/12	Enige een deel korrek ✓R166 000
C	Indien B + 220 000	Bewerking ✓R 386 000

9

6.1.2**GROOTBOEK VAN ULWAZI BPK.
BATEVERKOPEREKENING**

2013 Jan	31	Toerusting ✓	18 000 ✓	2013 Jan	31	Opg wvm op toerusting ✓ 6 750✓ + 3 750✓✓	Enige een deel korrek ✓10 500
						Bank ✓	✓800
						Verlies met verkoop van bate ✓	Bewerking ✓6 700
			18 000			Kan 'n wins wees nav bedrae	18 000

11

6.1.3

Jy is die interne ouditeur. Noem TWEE bekommernisse wat jy in verband met die vaste bates teenoor die direksie sal uitspreek. Verduidelik in ELKE geval waarom jy bekommerd is.

Rede moet met bekommernis verband hou

BEKOMMERNIS Enige TWEE ✓✓	REDE Enige TWEE ✓ ✓
Grond en geboue is teen kosprys verkoop	Moes teen huidige markprys verkoop word
Onredelike aankoopprys vir 'n rekenaar (R800) deur die HUB geneem	'n Verlies van R6 700 het ontstaan/hy moes 'n redelike markprys gehef word/oneties
Nepotisme deur HUB getoon	Grond en geboue is nie teen die huidige markprys verkoop nie/ Was nie aan publiek geadverteer/ sy vrou was die koper/Korrupsie
Grond en geboue is gebruik om 'n kontantvloeiprobleem op te los	Grond en geboue neem gewoonlik toe in waarde (verlies van moontlike winste)
Voertuie is gekoop (R360 000)	Dit was dalk nie nodig

4

6.2 6.2.1

Waarde van die eindvoorraad volgens die EIEU-metode:

730 ✓ x R120 ✓ ✓ R87 600
 As 970 - # Een deel korrek **Bewerking**
 240 ☒ x R100 ✓ ☒ R24 000
 OF **Kies slegs een metode om te merk** **Bewerking**
 48 000(1punt) + 503 100(1 punt) – 18 000(1 punt) – 6 000(1punt) – 415 500 (2 punte) ☒ R111 600

7

6.2.2

Berekening van winsopslagpersentasie (%) behaal op kosprys

504 000 – 415 500 (2 of niks)
 ✓✓
 $\frac{88\,500}{415\,500} \times 100 = 21,3\% \text{ of } 21,29\%$ **Enige een deel korrek**

Berekening van die voorraadhoudingstydperk (gebruik gemiddelde voorraad in jou berekening)

sien 6.2.1 moet by 48 000 bygetel word om metode punt te verdien
 Ken 2 punte toe vir gemiddelde voorraad as korrek (sien 6.2.1) selfs al is dit die deler

79 800
 $\frac{\frac{1}{2}(R48\,000 \checkmark + R111\,600 \checkmark)}{R415\,500 \checkmark} \times \frac{365}{1}$
 = 69,35 days of 70 dae ☒ of 2.3 maande

Bewerking een deel korrek toon in dae of maande

8

6.2.3

Die besigheid mik na 'n 30%-winsopslag op kosprys. As die interne ouditeur, wat sou jy ondersoek? Verduidelik. Noem TWEE punte.

Sien 6.2.2. hierbo. Punte hieronder sal afhang van winsopslag % bereken

Enige TWEE ✓✓ ✓✓ **Goeie antwoord = 2 punte gedeeltelike antwoord = 1 punt**

- Oormatige handelskorting aan klante toegestaan
- Foutiewe winsopslag berekening
- Te veel items verkoop tydens seisoenuitverkopings (afslag)
- Te veel voorraad op hande lei tot uitverkopings
- Diefstal van kontant /voorraad
- Mededingers se pryse

OF:

- Moet die verkoopprys (merkprys) in toekoms verhoog
- Koop in massa
- Goedkoper verskaffer

4

6.2.4

Die voorraadhoudingstydperk was 30 dae vir 2012. Behoort Mohammed tevrede te wees met die voorraadhoudingstydperk vir 2013? Verduidelik.

Sien 6.2.2 hierbo Punte hieronder sal afhang van voorraadhouingsperiode bereken

Ja/Nee: ✓ Verduideliking: ✓✓ **Goeie antwoord = 2 punte gedeeltelike antwoord = 1 punt**

Verduideliking vir NEE:

- Die tydperk van voorraad op hande het vermeerder (van 30 dae tot 70 dae)
- Dit is nie goed nie, aangesien geld in voorraad belê is
- Voorraad kan dalk nie verkoop as dit verswak
- Meer kans van voorraad diefstal

Verduideliking vir JA:

- Miskien was die voorraadvlakke vir 2012 te laag en nou gaan voorraad nie so vinnig opraak nie
- Beter pryse agv massa aankope

3

6.3

Identifiseer EEN probleem met betrekking tot elke winkel, deur syfers aan te haal by die identifisering van elke probleem. In ELKE geval, gee vir Sizwe raad oor hoe om die probleem op te los.	
WINKEL 1: THANDEKA	
Probleem geïdentifiseer (met syfers) Probleem✓ Syfers✓	Drukker oorgebruik (70 000 kopieë). Drukker is oud en ten volle afgeskryf (R1). Onderhoud word duur (R4 000). R18 000 word vermis van gelde ontvang
Raad ✓	Drukker moet vervang word. Die rede vir die tekort van R18 000 moet ondersoek word (dissiplinêre optrede mag nodig wees). Verdeling van pligte om bedrog te verminder
WINKEL 2: DLUDLU	
Probleem geïdentifiseer (met syfers)✓✓ Probleem✓ Syfers ✓	Ink en verbruikbare items gebruik (R19 500) is hoog. Hoë getal bedorwe kopieë (5 870).
Raad✓	Dludlu benodig opleiding in die gebruik van die drukker om die bedorwe kopieë te verminder en om ink en verbruikbare voorraad se koste te verlaag. Stuur drukker terug na verskaffer indien nog onder waarborg Herstel die drukker
WINKEL 3: SIPHO	
Probleem geïdentifiseer (met syfers) Probleem✓ Syfers✓	Min kopieë word gemaak. Bereik nie kapasiteit nie. Nuwe drukker word onderbenut (20 000 /50 000). Besigheid maak 'n klein wins (2 4000 or R1 234)
Raad	Oorweeg dit om hierdie winkel te sluit nadat die lae getal kopieë ondersoek word, bv. bestuurder dalk lui, winkel in 'n minder goeie omgewing geleë. Adverteer om verkope te verbeter Skuif die drukker na die ander winkel/ ruil drukker

9

TOTALE PUNTE
55

TOTAAL: 300